# Kragpunte

## Individuele Onderrig Materiaal

### Ouderdomme 10-13

## Jaar B, Eerste Kwartaal 2021




**'n Aanvullende Sabbatskool hulpbron vir Leiers/Onderwysers van Kragpunte**

**GraceLink Sabbatskool Kurrikulum**

**LES 1 – DIE GROOT GESKENK UITRUILING**

**Kragpunt:** Wanneer ons Jesus aanvaar as ons Verlosser, bied ons ons harte aan Hom.

**ONDERVIND DIE VERHAAL**

Hierdie week gaan ons 'n oorsig doen van ons laaste vier lesse. Eerstens 'n vinnige vasvrae:

| VRAAG | BYBEL VERWYSING |
|---|---|
| Hoe het Maria uitgevind dat sy die moeder van Jesus gaan wees? | Lukas 1:26-38<br>Mattheus 1:18 |
| Hoe het Josef uitgevind dat hy nie sy verlowing met Maria moet verbreek nie? | Mattheus 1:20 |
| Waarom het die Wyse manne na Jerusalem gekom? Waarom het hulle nie teruggegaan na Herodus toe nie? | Mattheus 2:2 + 12 |
| Hoe het die skaapwagters uitgevind van die geboorte van Jesus? | Lukas 2:8- 12 |
| Hoe het Simeon en Anna geweet dat Baba Jesus die Christus is? | Lukas 2:26, 27, 37, 38 |

**Om op te som, laat ons nadink oor die onderstaande vrae:**

- Wat het al hierdie mense in gemeen gehad?
- Wat was hulle reaksies?
- Wat was God se deel?
- Wat was elke persoon se deel?
- Op watter manier kan ons dieselfde doen as die mense wat betrokke was by Jesus se geboorte?



**LES 1 – DIE GROOT GESKENK UITRUILING**

**KRAGPUNT:** Wanneer ons Jesus aanvaar as ons Verlosser, bied ons ons harte aan Hom.

**VERKEN DIE BYBEL**

| **VRAAG** | **BYBEL VERWYSING** |
|---|---|
| Waarom moet ons reageer op God se geskenk van Jesus? | 1 Johannes 4:9, 10, 19;<br>Romeine 5:8, 10. |
| Wat is sommige maniere waarop ons kan reageer? | Romeine 12:1, 2;<br>Joh 15:4, 7, 12, 26, 27;<br>Joh 16:23, 24;<br>Handelinge 2:42, 46, 47;<br>Hand 17:11. |

## Ons gee onsself aan Jesus omdat Hy die eerste stap geneem het deur ons te red.



**LES 2 – OM 'N SEËN TE WEES**

**KRAGPUNT:** Net soos Jesus, kan ons ander onbaatsugtig dien.

**GEREEDHEIDSAKTIWITEIT**

Teken 'n kaart van Jesus se buurt (waar Hy grootgeword het), en merk spesifiek die verskillende plekke en maniere wat jy dink waar en hoe Hy ander gedien het. Voeg besonderhede by. Jy moet dalk 'n simboolsleutel byvoeg wat maklik verstaanbaar is.

**Vraag:** Hoeveel verskillende maniere het jy gewys waar Jesus ander mense gehelp het? Watter van hierdie dinge kan jy ook doen? Waarom dink jy was Jeus so 'n seën vir ander mense?

Wanneer ons dink aan Jesus wat 'n lewe van diensbaarheid gelei het, dink ons meeste van die tyd aan Hom as 'n volwassene, maar Sy kindertyd en jeug was ook voorbeelde van diens en 'n seën vir ander.




**LES 2 – WEES 'n SEËN**


**KRAGPUNT:** Soos Jesus, kan ons ook ander onbaatsugtig dien.

**STEL DIE BYBELVERHAAL BEKEND**

**Eienskappe van 'n goeie dienaar – maniere waarop Jesus ander gedien het toe Hy jou ouderdom was.**




**Kan jy dink aan ander eienskappe van 'n goeie dienaar?**



## LES 2 – WEES 'n SEËN

**KRAGPUNT:** Soos Jesus kan ons ander onbaatsugtig dien.

## ERVAAR DIE VERHAAL

| Uittreksels uit "As Kind" – Koning van die Eeue, bl. 68-74 | Vrae om oor na te dink |
|---|---|
| **Lesing 1:** "Jesus se kinder- en jeugjare is in 'n klein bergdorpie deurgebring. Daar was geen plek op aarde wat nie deur Sy teenwoordigheid vereer sou gewees het nie. ... Maar Hy het die wonings van rykes, die howe van konings en die setels van geleerdheid verbygegaan en Hom in die afgeleë en veragte Nasaret gaan vestig." | Hoe sou die plek waar Jesus gebly het dit makliker gemaak het om ander te dien? Wat sou dit moeiliker gemaak het? |
| **Lesing 2:** "As 'n kind het Jesus 'n besonder lieflike geaardheid geopenbaar. Sy gewillige hande was altyd gereed om ander te dien. Hy het geduld gehad wat niks kon verstoor nie, en 'n onwrikbare waarheidliewendheid en onomkoopbaarheid. In beginsel was Hy rotsvas, en 'n onselfsugtige hoflikheid het Sy lewe versier." | Wat dink jy het "onselfsugtige hoflikheid" in Jesus se daaglikse lewe beteken? Wat kan dit in jou lewe beteken? |
| **Lesing 3:** "Van Sy vroegste jare af was Hy met een doel besiel; Hy het geleef om ander tot seën te wees. Hiervoor het Hy uit die natuurbronne geput; nuwe idees en metodes het Hom te binne geskiet tersyl Hy plant en dier bestudeer het." | Wat kan plant- en dierelewe ons leer omtrent maniere om ander te seën? |
| **Lesing 4:** "Jesus het in die huis van 'n arm man gewoon, en Hy het opgeruimd en getrou Sy deel bygedra om die laste van die gesin te dra. Hy was die gesagvoerder in die hemel, en engele het graag Sy bevele uitgevoer; nou was Hy 'n dienswillige dienskneg, 'n liefdevolle, gehoorsame seun." | Wat het "'n dienswillige dienskneg" en "'n liefdevolle, gehoorsame seun/dogter" in gemeen? Is beide hierdie op jou van toepassing? |
| **Lesing 5:** "Almal behoort iets te vind om te doen wat hulle tot voordeel sal strek en ander sal help. God het werk beskik as 'n seen, en alleen die ywerige werker sal die ware heerlikheid en vreugde van die lewe vind. Kinders en jongmense wat blymoedig hulle deel van die huiswerk doen, en vader en moeder help, dra Gods goedkeuring weg. Sulke kinders sal later die ouerhuis verlaat as bruikbare lede van die samelewing." | Hoe kan jy ware heerlikheid en vreugde vind in die lewe en ook 'n bruikbare lid van die samelewing word? |
| **Lesing 6:** "Jesus het gewerk met opgeruimdheid en takt. Dit vereis baie geduld en geestelikheid om Bybelse godsdiens in te bring in die huis en in die werksplek, sodat ons die druk van wêreldse besigheid kan verduur en nog enkel vir die heerlikheid van God kan lewe. Dit is waar Christus 'n helper is. ... Dikwels het Hy uiting gegee aan Sy vreugde deur psalms en hemelse liedere te sing. Baiemaal het die bewoners van Nasaret Sy stem gehoor in lof en danksegging aan God. . . Waar Sy metgeselle gekla het dat hulle moeg was van die werk, is hulle opgebeur deur Sy sang. Wanneer Hy God geloof het, het dit die bose engele verjaag, en, soos wierook die plek met 'n soete geur vervul. Dit het die gedagtes van diegene wat Hom gehoor het, weggeneem van hulle aardse ballingskap en gevestig op die hemelse wonings.." | Het jy ooit gedink aan sing as 'n manier om ander te dien? Hoe dink jy kan sang ander seën? As jy nie sing nie, watter ander maniere is daar om vrolikheid na 'n vervelige of swaarmoedige omgewing te bring? |
| **Lesing 7:** "Jesus was die fontein van genesende genade vir die wêreld, en deur al die jare van afsondering in Nasaret, het Sy lewe uitgevloei in strome van teerheid en medelyde. Die oues van dae, die treurendes, die wat met sonde belas was, die kinders waar hulle onskuldig gespeel het, die klein diertjies van die bosse, en die geduldige lasdiere — almal was gelukkiger ten gevolge van Sy teenwoordigheid. Hy wie se magwoord die wêrelde in stand hou, sou neerbuk om 'n beseerde voeltjie te help. Daar was niks te gering vir Hom om op te merk nie, niks wat Hy benede Hom geag het nie." | Watter klas/tipe van mense kan jy dien? |
| **Lesing 8:** "Maar dit is in Sy huislike lewe dat Hy die voorbeeld vir alle kinders en jongmense is. Die Heiland het armoede aangeneem, sodat Hy kon leer hoe naby ons in ons nederige lot by God kan wandel. . . Toe Hy by die skaafbank gewerk het, was Hy net soseer in die diens van God as toe Hy wonderwerke vir die skares verrig het. En elke jongmens wat die voorbeeld van getrouheid en gehoorsaamheid volg wat Christus in Sy eenvoudige ouerhuis gestel het, mag die woorde op homself toepas wat die Vader van Hom gesê het deur die Heilige Gees: "Daar is My kneg wat Ek ondersteun, My Uitverkorene in wie My siel 'n welbehae het." Jes. 42: 1. | Lees Jesaja 42:1 hardop saam. "Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het." Dink net, jy kan aanspraak maak op hierdie woorde vanaf God? |

## LES 3 – WIE IS DIE GESEËNDES

**KRAGPUNT:** Ons eer God wanneer ons mense dien wat moeilik is om lief te hê.

### ERVAAR DIE VERHAAL

| Skriftuur Verwysing | Fokus van die verhaal |
|---|---|
| Mattheus 5:43-48 | "Wees lief vir jou vyande" |
| Lukas 6:27-36 | "Wees lief vir jou vyande" |
| Romeine 12:14-21 | "Liefde" |

**NADENKING:**

- Hoe moeilik is dit regtig om hierdie dinge te doen?
- Kan dit gedoen word?
- Waarom sê Jesus dat ons dit moet doen?
- Het Jesus so opgetree?

*Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Mattheus 5:44 - 45*

## LES 3 – WIE IS DIE GESEËNDES

**KRAGPUNT:** Ons eer God wanneer ons mense dien wat moeilik is om lief te hê.

### VERKEN DIE BYBEL

| **Mense wat aan hulle vyande liefde betoon het** | **Skriftuur Verwysing** |
|---|---|
| Kaptein Naaman en sy vrou se diensmeisie | 2 Konings 5:1-3 |
| Jesus en die mense wat Hom gekruisig het | Lukas 23:32-34 |
| Josef en sy broers | Genesis 45:1-7 |
| David en Saul | 1 Samuel 24:1-7 |
| Stefanus en diegene wat hom gestenig het | Handelinge 7:54-60 |
| Paulus, Silas, en die tronkbewaarder | Handelinge 16:22-34 |

**VRAE VIR NADENKE:**

- Watter algemene eienskappe het hierdie liefdevolle mense?

- Hoe maklik is dit om te doen wat hulle gedoen het?

- Hoe sou jy gereageer het indien jy in hulle plek was?

*Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie,*
*maar oorwin die kwaad deur die goeie.*
*Romeine 12:21 (NV)*

**LES 3 – WIE IS DIE GESEËNDES**

**KRAGPUNT:** Ons eer God wanneer ons mense dien wat moeilik is om lief te hê.

**DEEL DIE LES**

## Maniere om liefde te bewys aan diegene wat moeilik is om lief te hê.














## LES 4 – 'n DESPERATE VADER

**KRAGPUNT:** Jesus gebruik ons diens om ander te help om Hom te vertrou.

### VERKEN DIE BYBEL

| **Skriftuur verwysing** | **Vraag** | **Antwoord** |
|---|---|---|
| Mattheus 9:35-36 | Wat het Jesus gedoen toe Hy mense gevind het wat bekommerd en hulpeloos was? | |
| Mattheus 9:37-38 | Wat dink jy het Hy bedoel met wat Hy hier aan die dissipels gesê het? | |
| Lukas 9:1-2 | Wie het Jesus gestuur om ander te dien en in hulle behoeftes te voorsien? Wie is vandag Sy dissipels? | |
| Lukas 9:3-6 | Hoeveel voorbereiding moes die dissipels doen vir hulle dienswerk? | |

*Jesus het ons oor en oor gewys hoe om ander te dien.*

## LES 4 – ‘n DESPERATE VADER

**KRAGPUNT:** Jesus gebruik ons diens om ander te help om Hom te vertrou.

### TOEPASSING VAN DIE LES

**Lees die volgende scenario**

Aka het net onlangs vir Jesus leer ken. Hy is so opgewonde oor sy verhouding met Jesus dat hy dit nie vir homself kan hou nie. Hy wil ander help en hulle voorstel aan Jesus sodat hulle ook die vreugde kan ken wat hy het. Hy gaan staan en praat met mense waar hy ookal gaan. Maar hy is senuweeagtig wanneer dit kom by sy goeie vriende, veral omdat hy weet hoe sleg hy was (en verwag dat hy steeds dieselfde sal wees). Hy kom na jou vir advies.

**Vrae vir nadenking**

- Watter persoonlike ondervinding sal jy met hom deel?
- Wat dink jy kan hy doen om hulle voor te stel aan sy beste Vriend, Jesus?
- Hoe dink jy gaan sy vriende reageer?
- Hoe kan hy voorbereid wees op hulle reaksie en help om hulle vertroue in Jesus te versterk?
- Wat kan hy leer uit ons Bybelvers?

*Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie. Hy sê toe vir sy dissipels: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes."*

*Matteus 9:36 – 38 (NV)*

## LES 5 – ONVERWAGTE GELOOF

**KRAGPUNT:** Soos ons geloof ontwikkel, so sal ons vermoë om te dien ook groei.

## VERKEN DIE BYBEL

### Vul die ontbrekende woorde in van sommige verse in Hebreërs 11:

**Vs 1.** Die _______ dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.
**Vs 2** Want daardeur het die mense van die ou tyd ________ ontvang.
**Vs 4.** Deur die _________ het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain, waardeur hy getuienis ontvang het dat hy regverdig was,
**Vs 5.** Deur die _________ is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het.
**Vs 6.** En sonder ________ is dit onmoontlik om *God* te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.
**Vs 7.** Deur die ________ het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin waardeur hy die wêreld veroordeel het en 'n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is.
**Vs 8.** Deur die geloof het ___________, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.
**Vs 11.** Deur die geloof het ___________ self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het.
**Vs 13.** In die ___________ het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.
**Vs 17.** Deur die _________ het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer,
**Vs 21.** Deur die _________ het Jakob op sy sterfbed altwee die seuns van Josef geseën; en hy het aanbid terwyl hy leun op die knop van sy staf.
**Vs 29.** Deur die geloof het hulle die Rooi See deurgegaan soos oor droë grond, terwyl die ____________ toe hulle dit probeer, verdrink het.
**Vs 30.** Deur die geloof het die mure van_________ geval nadat daar sewe dae lank omheen getrek was.
**Vs 31.** Deur die geloof het _________, die hoer, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het.
**Vs 32.** En wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van ________, ______ en __________ en ________, Dawid en Samuel en die profete sou verhaal;

### Vrae vir Oordenking oor Hebreërs 11:

- Wat kan geloof alles doen?
- Hoe dink jy het hierdie ondervindings die persone se geloof versterk?
- Hoe kon hulle God meer effektief dien?

## LES 5 – ONVERWAGTE GELOOF

**KRAGPUNT:** Soos ons geloof ontwikkel, so sal ons vermoë om te dien ook groei.

### TOEPASSING VAN DIE LES


**Lees die volgende scenario:**
Ayana sê dat sy Jesus wil dien. Sy hoor gereeld van die belangrikheid om God te dien deur ander te dien en sy wil doen wat "reg" is. Maar sy erken teenoor jou dat sy God nie waarlik vertrou nie, dat haar geloof in Jesus regtig nou swak is. Sy glo nie nie dat sy waarlik vir Jesus verstaan nie, maar voel dat dit haar "plig" is om betrokke te wees by Christelike diens. Sy het ook nie baie motivering om te dien nie. Sy dink dat daar iewers 'n verbinding moet wees. Sy wil graag jou hulp en advies hê

**Vrae vir Oordenking:**

Wat verstaan Ayana nie omtrent haar begeerte en motivering om te dien?

Watter persoonlike ondervinding kan jy met haar deel?

Dink aan maniere om aan haar te verduidelik dat soos ons geloof ontwikkel, so sal ons vermoë om te dien ook ontwikkel.



## LES 6 – KRUMMELS VIR DIE HONDE?

**KRAGPUNT:** Jesus roep ons om almal te sien as God se kosbare kinders.

**ONDERVIND DIE VERHAAL**

**Hoeveel nasionaliteite kan jy uitken in die onderstaande foto:**



**Lees Markus 7:24-30 en bespreek die onderstaande vrae:**

Verbeel jou jy behoort aan ‘n nasionaliteit teenoor wie jou eie etnisiteit nie vriendelik is nie.

Wat sal die uitdagings wees wat jy sal ondervind indien jy vir hulp moet vra van mense wat vyande van jou eie mense is? Wat sal jy doen?

Wat het Jesus bedoel deur te sê die kinders moet eers gevoed word?

Waarom het Jesus meestal gepreek vir die Jode en hulle gesond gemaak?

Was Hy bevooroordeeld?

*Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, 13want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.*
*Romeine 10:12 – 13 (NV)*

## LES 6 – KRUMMELS VIR DIE HONDE?

**KRAGPUNT:** Jesus roep ons om almal te aanvaar as Gos se kosbare kinders.

### VERKEN DIE BYBEL

In ons Bybelverhaal sê Jesus iets wat onvriendelik mag klink vir iemand van ‘n ander ras. Vind ten minste twee ander voorbeelde uit die lewe van Jesus wat wys dat Hy nie bevooroordeeld was teenoor ras, geslag, of tipe mense wat ander dalk vermy het.

| Skriftuur Verwysing | Voorbeelde uit die Bybel | Hoe het Jesus hulle behandel |
|---|---|---|
| Mattheus 8:2-3 | Melaatses | |
| Johannes 4:9 | Die vrou by die put—beide as vrou en as Samaritaan | |
| Mattheus 19:13-14 | Klein kindertjies | |

**Vrae vir Oordenking:**

Wat was die tipiese houding van Jode teenoor heidene?

Is dit hoe god wil hê dat ons ander moet behandel?



**LES 7 – WIE IS JESUS?**

**KRAGPUNT:** Ons aanvaar God se genade en erken Jesus as Here van ons lewens.

**VERKEN DIE BYBEL**

| **Markus 11:27-33** | |
|---|---|
| Wat dink jy het die owerpriesters, die skrifgeleerdes en die ouderlinge geglo oor Jesus se gesag? Hoe het hulle antwoord gewys wie hulle erken het as hulle Here? | |
| **Johannes 4:39-42** | |
| Wat het hierdie Samaritane, wie die Jode verag het, geglo omtrent Jesus?<br>Hoe verskillend was die reaksie van die Samaritane teenoor dié van die Joodse leiers ten opsigte van hierdie kennis? | |
| **Markus 15:39** | |
| Wat het die hoofman geglo omtrent Jesus?<br>Wat het gemaak dat hy geglo het dat Jesus die Seun van God is? | |

*Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef*
*en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is,*
*sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig,*
*en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!"*
*tot eer van God die Vader.*
*Filippense 2:9 -11*

## LES 7 – WIE IS JESUS?

**KRAGPUNT:** Ons aanvaar God se genade en erken Jesus as Here van ons lewens.

### TOEPASSING VAN DIE LES

**Scenarios – wie was die Here in die lewe van elke persoon in die onderstaande:**

1. Jerome woon gereeld die Sabbatskool en kerkdiens by. Hy glo dat sy kerk se leerstellings reg is. Hy sê dat hy Jesus liefhet. Maar hy is ook geweldig lief vir geweldadige speletjies. Hy spandeer elke moontlike spaartyd daaraan, soms tot nadeel van sy studies, sy hulp by die huis en sy tyd saam met Jesus.

2. Stefanie behoort aan ‘n denominasie wat nie glo dat Jesus die Seun van God is nie. Sy het ‘n maat wat glo dat Jesus die Seun van God is en Stefanie is nuuskierig daaroor. Stefanie se maat nooi haar uit na ‘n Bybelstudie om meer te leer en Stefanie sê ja, want sy wil die waarheid weet.

3. Andrea is ‘n baie onafhanklike jong dame. Sy hou daarvan om dinge op haar eie manier te doen en sonder ander se hulp. Sy is lief vir Jesus, maar het die geneigdheid om Hom uit die prentjie te laat wanneer sy besluite in haar lewe moet maak. Sy dink nie dat Hy betrokke is by die alledaagse besluite wat sy net so goed op haar eie kan maak nie.

4. Bryan het Jesus Christus ‘n paar jaar gelede aangeneem nadat hy en sy ouers ‘n Openbaring Seminaar bygewoon het. Van toe af was Bryan betrokke by die gebedsgroep by sy skool en het ook gehelp by die skuiling vir haweloses. Sy vriende, alhoewel hulle nie altyd saamgestem het met sy nuutgevonde waardes nie, sal vir jou vertel dat hy die beste vriend is waarvoor iemand kan vra.

**Vrae vir Oordenking:**
Wat kan elkeen van hierdie mense wat nie vir Jesus in hulle lewens het as Here nie, doen om Hom te leer ken?

Watter veranderinge dink julle sal hulle moet maak?

Wanneer het jy vir Jesus gevra om jou Verlosser te wees?

Watter plek het Hy in jou lewe?

Hoe is jou lewe anders as gevolg van Jesus in jou lewe?

**“Wanneer ons vir Jesus aanneem as Here en Verlosser, verander Sy genade ons.”**

**LES 8 – ‘n HART VAN KLIP**

**KRAGPUNT –** God se vergifnis ken geen perke.

**VERKEN DIE BYBEL**

| **Beskrywing van ‘n Bybelse karakter** | **Skriftuur** | **Antwoord** |
|---|---|---|
| Hy het gevra vir vergifnis, maar doen dieselfde ding oor en oor. | Eksodus 10:16-20 | |
| Hy was verwant aan ‘n belangrike persoon deur aanneming. | Eksodus 2:10 | |
| Sy het iemand gevra om haar man te vergewe. | 1 Samuel 25:23-25 | |
| Hy het probeer om sy seun se beste vriend dood te maak. | 1 Samuel 19:10 | |
| Hy het sy aanstaande skoonseun bedrieg. | Genesis 29:25 | |
| Hy wou sy broer doodmaak. | Genesis 27:41 | |
| Hy het vergeet hoe God sy droom bekend gemaak het. | Daniël 3:24 | |
| Hy wou ten alle koste ‘n lewe van plesier hê. | Lukas 15:11-31 | |
| Jesus het haar baie maal vergewe. | Markus 16:9 | |
| Hy wou eerder vergewe word as om gesond gemaak te word. | Mattheus 9:1, 2 | |

**Vrae vir Oordenking:**
Wat het al hierdie mense in gemeen? (hulle het vergifnis ontvang).

Hoe het mense gevoel omtrent vergifnis.

**“U is goed, Here, U vergewe altyd weer,**
**U is getrou teenoor dié wat na U roep om hulp.” (Psalm 86:5, NV)**

**LES 8 – 'n HART VAN KLIP**

**KRAGPUNT –** God se vergifnis ken geen perke.

**DEEL DIE LES**

**Sleutels tot Vergifnis**
Wat het jy gedoen om 'n maat, wie jy seergemaak het, te oortuig dat jy waarlik jammer is oor wat jy gesê of gedoen het?

Hoe het jou maat gereageer?

Wat was jou gevoelens nadat jy dinge reggemaak het met jou maat?

Het iemand al vir jou vergifnis gevra? Hoe het jy gereageer?

Maak twee sleutels en skryf die kragpunt op die een kant en die kragvers op die ander kant. Hang een in jou kamer op en gee die ander een vir die bure, 'n maat of 'n lid van jou gesin?



**Die sleutel na 'n skoon gewete en vryheid is om 'n noue verhouding met God te hê. Ons moet Sy vergifnis vra en ook Sy genade aanvaar.**

## LES 9 – ‘n FEESMAAL OM TE ONTHOU

**KRAGPUNT –** God se oorvloedige liefde motiveer ons om liefdevol te wees.

## ERVAAR DIE VERHAAL

**Lees Lukas 7:36-47 (NV)**

**36** Een van die Fariseërs het Hom genooi om by hom te kom eet. Hy het toe in die huis van die
Fariseër ingegaan en aan tafel plek ingeneem.
**37** 'n Sekere vrou in die dorp, wat 'n sondige lewe gelei het, het gehoor dat Hy in die Fariseër
se huis aan tafel was. Sy bring toe 'n albaste flessie met reukolie **38** en gaan staan agter Jesus
by sy voete en huil, sodat haar trane op sy voete begin drup het. Daarna het sy sy voete met
haar hare afgedroog, hulle gesoen en met die reukolie gesalf.
**39** Toe die Fariseër wat Hom genooi het, dit sien, sê hy by homself: “Hy, as hy 'n profeet was,
sou tog geweet het wie en watter soort vrou dit is wat aan hom raak, dat sy 'n sondares is.”
**40** Maar Jesus spreek hom aan en sê: “Simon, Ek het iets om vir jou te sê.”
“Meneer, sê dit maar!” antwoord hy.
**41** Jesus sê toe: “Twee mense was in die skuld by 'n geldskieter. Die een het vyf honderd rand
geskuld en die ander een vyftig. **42** Omdat hulle niks gehad het om mee te betaal nie, het hy
die skuld vir albei kwytgeskeld. Wie van hulle sal hom die meeste liefde bewys?”
**43** Simon antwoord: “Ek veronderstel dié een vir wie hy die meeste kwytgeskeld het.”
“Jou antwoord is heeltemal reg,” sê Jesus, **44** en Hy draai na die vrou toe om en sê verder vir
Simon: “Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis gekom – en jy, water vir my voete het jy My
nie gegee nie, maar sy, met haar trane het sy my voete natgemaak en met haar hare het sy dit
afgedroog. **45** 'n Soen het jy My nie gegee nie, maar sy het vandat sy hier ingekom het, nie
opgehou om my voete te soen nie. **46** My kop het jy nie eens met olie gesalf nie; sy het my
voete met reukolie gesalf. **47** Ek sê vir jou, omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, daarom
bewys sy baie liefde. Maar hy vir wie min vergewe is, bewys min liefde.”

**Vrae vir Oordenking:**
Hoe het Maria haar waardering teenoor Jesus gewys, nadat Hy haar sondes vergewe het?

Hoe het Maria se optrede haar liefde vir Jesus gewys?

In teenstelling, hoe het Simon, wat ook deur Jesus vergewe is, sy waardering teenoor Jesus gewys?

Wat het Simon se veroordelende houding omtrent sy karakter gewys teenoor Maria?


Hoe tree ons soms op soos Simon wanneer ons vingers wys na die sondes van ander, in plaas daarvan om na binne, na ons eie sondes te kyk?

**LES 9 – ‘n FEESMAAL OM TE ONTHOU**

**KRAGPUNT –** God se oorvloedige liefde motiveer ons om liefdevol te wees.

**DEEL DIE LES**

**Harte**
Noem drie mense aan wie jy liefde wil bewys op ‘n tasbare wyse:




**Vrae vir Oordenking:**
Wat kan jy doen om God se liefde en genade deur jou te laat vloei na die mense wie jy hierbo genoem het?

## LES 10 – JESUS SE GROOT INTOG

**KRAGPUNT –** Ons deel Jesus met ander wanneer ons Hom loof.

### VERKEN DIE BYBEL

**Lees Lukas 19:28-40 (NV)**
**28** Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het Hy voor hulle uit geloop, op pad na Jerusalem toe. **29**
Toe Hy naby Betfage en Betanië kom, teen die Olyfberg, stuur Hy twee van sy dissipels vooruit
met die opdrag: **30** "Gaan na die dorpie toe daar reg voor julle. Net soos julle inkom, sal julle
daar 'n jong donkie kry wat vasgemaak staan. Geen mens het nog ooit op hom gery nie. Maak
hom los en bring hom hier. **31** En as iemand vir julle vra: 'Waarom maak julle hom los?' moet
julle antwoord: Die Here het hom nodig."
**32** Die twee wat gestuur is, gaan toe en kry alles net soos Hy vir hulle gesê het. **33** Terwyl hulle
die donkie losmaak, vra sy eienaars vir hulle: "Waarom maak julle die donkie los?"
**34** Hulle antwoord: "Die Here het hom nodig."
**35** Toe bring hulle die donkie na Jesus toe. Daarna gooi hulle van hulle klere op sy rug en help
Jesus opklim. **36** Terwyl Hy aanry, het hulle van hulle klere op die pad oopgegooi.
**37** Toe Hy naby die stad kom, teen die afdraand van die Olyfberg, het die hele skare juigende
volgelinge God uit volle bors begin prys oor al die wonderwerke wat hulle gesien het. 38Hulle
het gesing: "Loof die Koning,

Hy wat in die Naam van die Here kom!
Vrede in die hemel
en eer aan God in die hoogste hemel!"

'n Paar Fariseërs uit die skare sê toe vir Jesus: "Meneer, maak stil u volgelinge!"
**40** Maar Hy antwoord: "Ek sê vir julle: As hulle stilbly, sal die klippe uitroep."

**Vrae vir Oordenking:**
Wat sê Jesus se reaksie op die Fariseërs se aanmerking vir ons omtrent die betrokkenheid van die natuur, wat van Sy liefde getuig?

Het die natuur ook 'n manier om God se liefde uit te dra? Hoe?

Omdat Jesus ons Skepper en Verlosser is, hoeveel meer moet ons, as rasionele wesens, Hom loof deur ons lewens, in vergelyking met dinge in die natuur wat geen rede het nie?

## LES 10 – JESUS SE GROOT INTOG

**KRAGPUNT –** Ons deel Jesus met ander deur Hom te loof.

### TOEPASSING VAN DIE LES

| **Scenario** | **Hoe neem die persoon 'n aktiewe rol in die deel van Jesus op 'n praktiese manier?** |
|---|---|
| Eric is lief vir sing, al het hy nie 'n goeie sangstem nie. Hy is lid van die kerkkoor, sing dikwels in 'n mans trio met twee vriende, en besoek die plaaslike verpleeginrigting saam met die Baanbrekers om vir die inwoners te sing. | |
| Allison is skaam om voor mense te wees. Maar sy hou daarvan om te help, so sy kom getrou elke week kerktoe saam met haar Pa om die ligte en die verwarmers aan te skakel. Sy bly ook na die diens om die kerk op te ruim en weer toe te sluit. | |
| Nicholas is 'n natuur-liefhebber. Vra hom enige vraag oor wat in die natuur aangaan en hy sal jou 'n antwoord kan gee. Een maal 'n maand vertel hy 'n natuurverhaal in die Kindertuin Sabbatskoolklas. . | |
| Olivia hou van kinders. Sy het drie jonger broers en susters, so sy weet alles van babas af. Sy help om na die kinders te kyk in die moederskamer gedurende die erediens. | |
| Brooke het 'n goeie geheue en hou daarvan om Bybelverse te memoriseer. Sy dra van tyd tot tyd hierdie verse voor tydens die diens in haar gemeente. | |

## LES 10 – JESUS SE GROOT INTOG

**KRAGPUNT –** Ons deel Jesus met ander wanneer ons Hom loof.

### DEEL DIE LES

**101 Maniere om Vriende te maak vir God se Koninkryk**

Ons wil meer betrokke raak deur Jesus te deel by die kerk, in ons eie gesinne sowel as in die gemeenskap. Maar ons wil ook vir Jesus erken in alles wat ons doen. Ek daag julle uit om te dink aan 101 maniere om vriende te maak vir God se koninkryk deur die goeie nuus omtrent Jesus met ander te deel.

**Hier is ‘n paar om mee te begin:**

- Sing jou geliefde Christelike lied vir ‘n maat.
- Vertel ‘n persoonlike verhaal van God se wonderbaarlike intrede in jou lewe toe Hy jou beskerm het of jou gehelp het om iets wat menslik onmoontlik is te bereik.
- Praat oor die eenvoudige skoonheid wat Jesus jou help om te ondervind in jou daaglikse lewe.
- Vertal vir ander hoe God jou geseën het met iets wat jy nodig gehad het.

Aan hoeveel meer kan jy nog dink????

*Wees almal eensgesind,*
*medelydend, liefdevol,*
*goedhartig, nederig.*
*1 Petrus 3:8*

## LES 11 – DIE VERBINDING

**KRAGPUNT –** Deur 'n intieme verhouding met Jesus, kan ons 'n liefdevolle vriendskap met ander aanknoop.

## GEREEDHEIDSAKTIWITEIT

**KONTAKTE –** Skryf die name neer van:

- Jou beste maat.
- Iemand wat jou sal help as jy in die moeilikheid is.
- Iemand wat jy kan bel as jy baie laat in die nag gestrand is.
- Iemand waarmee jy sal praat as jy bang is.
- Iemand wat jou sal help met jou huiswerk.
- Iemand waarmee jy 'n pret aktiwiteit sou kon beplan.

**Vrae vir Oordenking:**
Was dit moeilik om aan iemand te dink in elke kategorie?

Watter name was die maklikste om te onthou?

Het dieselfde naam meer as een maal tevoorskyn gekom?

Hoe voel jy oor die persoon wie se naam die meeste voorgekom het?

Hoekom is die persoon belangrik in jou lewe?

*Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.*
*Johannes 15: 5 (NV)*

## LES 11 – DIE VERBINDING

**KRAGPUNT -** Deur 'n intieme verhouding met Jesus, kan ons 'n liefdevolle vriendskap met ander aanknoop.

## VERKEN DIE BYBEL

| | |
|---|---|
| **Bespreek hoe die volgende Skrifgedeelte verband hou met die kragteks: "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie" (Joh 15:5).** | |
| 2 Korinthiërs 3:18 | |
| 1 Petrus 1:8 | |
| Hebreërs 4:15-16 | |

## LES 12 – DIT IS AL WAT EK VRA

**KRAGPUNT -** Jesus vra ons om mekaar lief te hê soos Hy ons liefhet.

### VERKEN DIE BYBEL

| **Wat leer die Bybel ons oor vriendskap?** | |
|---|---|
| Jesaja 32:2 | |
| 2 Timoteus 1:16-18 | |
| 1 Samuel 20:42 | |
| 1 Samuel 18:1-4 | |
| Spreuke 17:17 | |
| Spreuke 27:10 | |
| Jakobus 2:23 | |

**Vrae vir Oordenking:**
Wat beteken dit om ‘n maat te wees?

Wat doen ‘n maat?

## LES 12 – DIT IS AL WAT EK VRA

**KRAGPUNT -** Jesus vra ons om mekaar lief te hê soos Hy ons liefhet.

## TOEPASSING VAN DIE LES

**Beste Maats**

My beste maat is ________________ (naam/e).

Waarvan ek die meeste hou in my beste maat is:

1. ___________________________________________________
2. ___________________________________________________
3. ___________________________________________________
4. ___________________________________________________
5. ___________________________________________________


**Vrae vir Oordenking:**

- Watter dinge op hierdie lys wys hoe Jesus Sy liefde aan ons bewys?
- Hoe sal hierdie wêreld daaruit sien as almal ALTYD die ander persoon as sy beste maat behandel?
- Wat kan jy hierdie week doen om baie mense te behandel soos jy jou beste maat behandel?

**LES 13 – MAATS VIR EWIG**

**KRAGPUNT –** God se liefde vir ons wys ons hoe om ander te behandel.

**GEREEDHEIDSAKTIWITEIT**
**Eienskappe van 'n Ware Maat**



## LES 13 – MAATS VIR EWIG

**KRAGPUNT -** God se liefde vir ons wys hoe ons ander moet behandel.

### ERVAAR DIE VERHAAL

**JOHANNES 17 – 1** Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê:
Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik—
**2** soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die
ewige lewe kan gee.
**3** En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat
U gestuur het.
**4** Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek
volbring.
**5** En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat
die wêreld was.
**6** Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan
U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar.
**7** Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom.
**8** Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en
waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.
**9** Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat
hulle aan U behoort.
**10** En alles wat myne is, is uwe; en wat uwe is, is myne; en Ek is in hulle verheerlik.
**11** En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe.
Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos
Ons.
**12** Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u Naam bewaar. Oor die wat U
My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun
van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word.
**13** Maar nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat hulle my
blydskap volkome in hulle kan hê.
**14** Ek het hulle u woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld
is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.
**15** Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.
**16** Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.
**17** Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.
**18** Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur.
**19** En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees.
**20** Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal
glo—
**21** dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een
mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.
**22** En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net
soos Ons een is.
**23** Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat
U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.
**24** Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat
hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die
grondlegging van die wêreld.

**25** Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het.
**26** En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle."

**Vrae vir Oordenking:**

- Hoe het hierdie gebed van Jesus tot Sy Vader jou vertel van God se liefde vir jou?

- Wat het jy geleer van wat God vir ons, Sy gelowiges op aarde, wil hê?

## LES 13 – MAATS VIR EWIG

**KRAGPUNT –** God Se liefde vir ons wys ons hoe om ander lief te hê.

**VERKEN DIE BYBEL**

| Skrif Verwysing | Eenheid in Jesus |
|---|---|
| Romeine 12:5 | |
| 1 Korinthiërs 10:17 | |
| Galasiërs 3:28 | |
| Efesiërs 4:13 | |

*En eindelik, wees almal eensgesind, medelydend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik.*
*1 Petrus 3:8*